# VISIOEN VAN DIE OORDELE VAN GOD

**(Geestelike Visioen Ervaring van Gert du Plessis)**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**Visioen wat die Here op 17 November 2018 vir Gert du Plessis laat sien het. Dit word weergegee in die 1ste persoon, aangesien hy dit persoonlik gesien en ervaar het. Dit was nie 'n droom nie, hy was helder wakker toe dit voor sy geestesoog afgespeel het. Hierdie is sy woorde:**

## DIE VISIOEN

Ek het nie hierdie visioen onmiddellik uitgegee nie want ek moes dit eers met die Here deurpraat en bepeins. Ek is onseker oor hoe lank daarná ek dit wel uitgegee het. Wat hier volg is soos ek dit op die oggend van 17 November 2018 ervaar het.

Ek is in my bidkamer en probeer om dit wat ek gesien en ervaar het, in woorde om te sit, en so noukeurig moontlik oor te dra. Dit is egter baie moeilik! Ek is diep ontroerd in my gees, en ek praat met die Here, want dit wat ek beleef het was skrikwekkend.

Ek het vanoggend 'n paar minute voor 6h00 wakker geword, en dit was asof ek binne in 'n visioen instap. Ek sien die mense op die aarde besig met hul eie take, daaglikse roetines. Ons self is ook besig met take, om die Woord van die Here te verkondig, onder andere. Dit is die normale daaglikse lewe van besig wees met wat ook al.

## Hemelruim

Die volgende oomblik kyk ons opwaarts en sien donderweer wolke aangerol kom, maar nie teen die normale tempo waaraan ons gewoond is nie. Dit is nie donderweer wolke soos ons dit hier op die aarde ken nie. Ek dink dit is die wolke wat die Israeliete gesien het op die berg Sinai, soos daardie wolk die berg oordek het. Dit was donderweer op donderweer.

Exodus 24:15 Toe Moses die berg opklim, het 'n wolk die berg oordek.

Exodus 24:16 En die heerlikheid van die HERE het op die berg Sinai gebly, en die wolk het dit ses dae lank oordek. En op die sewende dag het Hy na Moses geroep uit die wolk.

Exodus 24:17 En die verskyning van die HERE se heerlikheid was in die oë van die kinders van Israel soos 'n verterende vuur op die top van die berg.

Daar was weerligstrale, die een na die ander, 'n verskriklike gesig. Ek sien hierdie verskriklike pikswart massas wolke met vuur binne in dit, en die weerligstrale. Dit lyk asof die hele hemelruim lewe, en die hele aarde oordek. Ek sien hoe mense probeer weghardloop maar die volgende oomblik begin die hele aarde skud.

Ek onthou as kinders het ons altyd probeer om op 'n plastiek bal te staan. Ek sien hoe die mense probeer wegvlug maar die volgende oomblik is dit asof die hele aarde in so 'n plastiek bal verander het, en niemand kan bly staan nie. Almal val na die aarde toe, en ek besef God se oordele (judgment) het gekom. Ek besef die uur het aangebreek.

-o0o-

## **Mense**:

Ek kyk rondom my heen en ek sien dat niemand regop staan nie, almal is plat teen die aarde. Sommige is op hul knieë, ander probeer aan voorwerpe vashou, nog andere probeer in die lug ingryp. Ek sien die absolute verskrikking op hul gesigte. Sommige van hulle kinders is van hulle verwyderd en hulle probeer gryp na hulle om hulle nader te trek, sonder enige sukses. Mense probeer vashou aan dinge soos pale en bome maar die volgende oomblik kom daar ‘n wind en ruk alles uit hulle plek.

## **Plantegroei**

Ek sien hoe bome val, sommige val bo-op die mense, hulle te pletter dat hul ingewande verstrooi lê.

## **Strukture**

Ek sien alle mensgemaakte strukture, huise, geboue, verdiepings op verdiepings verdwyn, kompleet asof jy ‘n miershopie sal wegblaas. Dit disintegreer. Dit is asof alles net disintegreer voor hierdie oordeel (judgment). Massiewe geboue, snelweë waaraan die mensdom vir jare en jare gewerk het, lyk asof dit verpoeier en net weg smelt.

## **Berge, Die Aarde**

Ek sien berge wegsmelt, regtig wegsmelt en gelyk word met die aarde. Op plekke sien ek die aarde oopskeur en mense binne in die aarde instort met die verskriklikste uitroepe na God. Niemand kan bly staan nie, almal val op hulle knieë neer.

Ek aanskou hoe die aarde geskud word en niks wat die mens gebou/opgerig het in al die duisende jare, bly staan voor die oordeel (judgment) van die Lewende God nie. Dit is kompleet asof jy baba poeier in jou hand gooi en dit wegblaas.

Ek sien die aarde in hierdie skudding soos in Haggai 2 profeteer word:

Haggai 2:6 Want so sê die HERE van die leërskare: ‘n Rukkie nog, ‘n kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe.

## **Stem**

Op daardie oomblik hoor ek ‘n stem wat sê: **‘Jesus Christus is die Seun van God’**. En ek dink aan die Skrifgedeelte wat sê: ‘*elke knie sal buig en elke tong sal bely, in die hemel, op die aarde en onder die aarde*’

Filippense 2:10 sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,

Filippense 2:11 en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.

-o0o-

**<u>Die Bruid</u>**

**Maar dan sien ek haar, die lig van die wêreld, die sout van die aarde, hoe sy op haar knieë staan met haar hande in die lug, en ek sien sy is nie meer mens nie. Sy is nou 'n Goddelike wese, sy is in verheerlikte vorm. Sy steek haar hande uit en al wat mens in haar kan sien is lig, en ek dink aan die Skrifgedeelte, *'arise and shine for your light has come'*.**

Jesaja 60:1 Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op.

Sy is reg om haar Bruidegom te ontmoet. Maar die tragiese is, daar is maar min, en ek onthou die Skrif wat sê baie is geroep maar min is uitverkies.

Matthéüs 22:14 Want baie is geroep, maar min uitverkies.

## Verskonings

- Ek het nog baie dinge om te doen
- Ek wil nog geld maak, myself verryk
- Ek wil nog geld spaar
- Ek wil nog geboue oprig
- Alles van **'ek wil'**

Ek hoor die verskriklikste verskonings, ek hoor hoe mense uitroep na God, redes aanvoer hoekom hulle dit nie gemaak het nie, hoekom hulle kinders dit nie gemaak het nie, hoekom hulle nie op die plek is waar God wil hê hul moet wees nie. Tragies dat hulle dink dat hierdie verskonings die Lewende God moet beïndruk. Ek sien 'n uurglas wat leeg geloop het. Dit was 'n verskriklike gesig, ek probeer dit in woorde verduidelik maar die menslike taal skiet tekort, ek is stom geslaan.

Ek het daar op die bed gelê en hierdie visioen ervaar, ek was wawyd wakker. Ek het al hierdie dinge beleef in die visioen en ek hoor die Here sê vir my: *'Ek is reg om julle te kom haal, is julle reg om My te ontmoet'?*

## Ernstige Vraag

Is jy reg om jou Here te ontmoet? Is jy reg om jou lewende God van aangesig tot aangesig te ontmoet? Hoe lyk jou lewe?

## Ek Hoor Die Here Sê

- Ek het my profete gestuur,
- Ek het die sieners gestuur,
- Ek het die Woord gestuur,
- Ek het die Heilige Gees gestuur,
- Ek het alles gegee sodat die mens sou luister.
- Dit is egter net diegene wat geluister en gereageer het, wat nou hulle loon sal ontvang vir die offer wat hulle bereid was om te bring.

Ek kan nie beskryf in watter toestand my gees was nie. Ek wens elke mens op hierdie aarde kan ervaar wat ek in my gees ervaar. Ek sit in trane voor die Here, en ek sê '*Here kan U nie nog so bietjie wag nie? Daar is nog afsprake*

*wat ons moet nakom Here, daar is nog dinge in die pyplyn wat gereël moet word, nog dinge wat gedoen moet word'*. Toe vat die Here my terug na dit wat ek nou die dag gesê het.

Iemand het aan my die volgende verduidelik. In die Joodse tradisie, terwyl die maaiers besig is op die landerye om te oes, en die eienaar stap uit sy huis uit en blaas die basuin/die trompet/die ramshoring, gebeur die volgende: In gehoorsaamheid aan die ramshoring, los die maaiers alles net so. Hulle gaan terug huis toe, want die meester het die ramshoring geblaas. Of hulle klaar geoes het al dan nie, dit bly op die land.

Ek dink ek besef nou wat daardie woord beteken. Ons gaan nog werk in die lande, dan gaan die basuin blaas, en nie alle oeste gaan inkom nie. Maar op grond van die basuin, as gevolg van gehoorsaamheid aan die basuin, die Meester se roepstem, sal ons alles net so los en gaan.

Vreeslik is dit om te val in die hande van 'n Lewende God. Die tyd is nader as wat almal dink. Die uurglas het klaar leeggeloop, ons is nou in genade tyd. Hierdie dinge kan môre gebeur.

Is jou saak reg met God?

## NABETRAGTING VAN DIE VISIOEN

Ek wil graag verder met julle deel oor die visioen wat ek gister gehad het. Ek kan nie beskryf wat in my gees gebeur het nie, dit was regtig vir my 'n verskriklike dag. Die Bybel sê die hart van God het omgekeer binne-in Hom.

Hosea 11:8 Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Seboïm: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek.

Dit was byna dieselfde gevoel wat ek gister ervaar het. God se hart was omgekeer binne in Hom oor Sy volk. Die Gees van God was heeldag besig om met my te praat, dit was regtig asof ek soos die profeet stom was. Ek was tussen mense maar ek was nie die beste geselskap nie, want die hele visioen het herhaaldelik in my onderbewussyn afgespeel, asof die Here dit diep in my wese wou inbrand met die krag van Sy Gees, met Sy vuur.

Die Here het soveel dinge aan my geopenbaar. Die ergste in daardie visioen vir my, was die verskriklike geroep na God. En dit was asof die Here hulle nie kon hoor nie, presies wat die profeet Jesaja sê:

Jesaja 59:1 Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie;

Jesaja a 59:2 maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.

### Die Wil van God

Ek praat nie vanoggend met ongelowiges nie, ek praat met kinders van God. Ek het hierdie visioen gister herhaaldelik met die Here deurgepraat en bepeins. Ek het gevra 'Here U moet vir my verduidelik'. Dan sê Hy weer vir my baie duidelik: '*die wat nie die wil van God doen nie, sal nie die koninkryk van die hemele sien nie'*. Jesus sê dit ook baie duidelik. (Joh 3:3)

Dit gaan daaroor of jy die Wil van God vervul. Terwyl hierdie mense so na die Here uitgeroep en verskonings gesoek het, het ek hulle allerhande dinge hoor sê. Maar die vraag is, is ons besig om die Raadsplan van God te vervul, of is ons besig om ons eie planne te vervul? So baie mense is betrokke by plekke en met dinge, geestelik ook, waar hulle nie by tuishoort nie.

-o0o-

## Self Ondersoek

- Het God jou daar geplant?
- Wat is die vrug van jou handewerk waar jy geplant is?
- Dra jy regtig die vrug, kan jy elke dag van jou lewe waar jy geestelik of fisies betrokke is, die vrug van die Heilige Gees dra, ‘n getuie wees van die opstanding, ‘n getuie wees van Christus Jesus?
- Is die Here deur jou suksesvol waar jy is?
- Dit wat God in jou hande geplaas het, maak nie saak wat dit is nie, gebruik jy dit as ‘n middel tot ‘n doel, om die koninkryk uit te brei, want dit is hoekom jy dit ontvang het.
- En as die antwoord negatief is, dan is daar ‘n probleem. Dan is jy nie besig om die wil van God te vervul nie, maar besig om jou eie dinge na te jaag, jou eie strukture, eie plek, eie wil, jou eie Babilon te bou.

Dit gaan alles oor Sy wil. As iemand nie die Wil van God doen nie, sal Hy nie die koninkryk van die hemele sien nie. Die Bybel sê baie duidelik dat ons alles ontvang het om die wil van die Vader te doen.

Hebreërs 13:20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,

Hebreërs 13:21 julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen.

Matthéüs 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

### Verleiding

Dit was vreeslik om soveel bekende gesigte in hierdie visioen te sien, mense met wie ‘n mens op ‘n stadium ‘n verhouding mee gehad het. Dit is vir my pynlik om te sê dat daar van ons eie geliefdes is wat dit nie gaan maak nie.

Terwyl ek gister met die Here praat, herinner die Here my aan iets wat Hy ‘n paar jaar gelede vir my gesê het. Sy woorde was: *‘Gert, selfondersoek is vervang met selfregverdiging’*.

Selfregverdiging is die verskriklikste vloek/binding wat ons oor onsself kan bring. As ons onsself nie laat deursoek deur die Heilige Gees nie, en besef ons is net mense wat foute kan maak, ons is mense wat kan afdwaal, dan word selfondersoek vervang deur selfregverdiging.

Ons moet in gedagte hou dat die duiwel nie na jou toe kom en vir jou massiewe sondes gee nie, hy lei jou stelselmatig weg. In die eerste plek neem hy jou weg van die samekoms van die heiliges. Sodoende kan jy nie meer gebou word nie, want dit is die gawes in jou broers en susters, wat jou kan bou. Hy begin om jou te isoleer en daarna begin hy om jou stadigaan dood te wurg, stadig maar seker. Hy laat jou egter dink alles is reg, want hy boots alles na. Selfregverdiging is jou grootste vyand.

Ek doen ‘n beroep op elkeen wat hierdie boodskap lees, neem dit asseblief ernstig ter harte. Ek het baie terugvoering gehad van persone wat diep geraak was deur die boodskap. Mense dink baie keer ons praat net judgment (oordeel), maar ons moet die Skrifte gaan ontleed.

Vir elke keer wat Christus gepraat het oor die hemel en die hiernamaals, het Hy 3 keer gepraat oor oordeel (judgment) en oor hel. Dit is hoe ernstig die Here is.

-o0o-

Spesifiek nou in die laaste dae, is dit asof die basuin uitgaan en sê 'keer terug na My. Die uurglas het leeggeloop en ons is in genade tyd, as Ek kom waarmee sal ek jou besig vind'?

Matthéüs 24:45 Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee?

Matthéüs 24:46 Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind**.**

Daardie is verskriklike woorde vir my. In hierdie visioen was dit slegs hulle wat op die meester se lande gearbei het, wat besig was. As voorbeeld kyk ons na Rut. Rut was op die lande van Boas besig om are op te tel. Hy sê vir haar sy is 'n deugsame vrou, wat haar nie laat beïndruk het deur die wêreldse dinge nie. Sy het gekies om in sy lande are op te tel, op grond van die woord van Naomi, wat die gees van wysheid is, vir haar gegee het.

Ek wens ek kan die hele visioen en alles wat die Here vir my gegee het in detail uitgee. Die kern van dit is: hulle wie dit gaan maak is maar min. Dinge is nie reg nie.

Rut 2:2 En Rut, die Moabitiese, het vir Naómi gesê: Laat ek tog die land ingaan en are optel agter dié een in wie se oë ek genade sal vind. Toe antwoord sy haar: Gaan my dogter.

Rut 2:3 Daarop het sy heengegaan, en gekom en are opgetel op die land agter die snyers. En gelukkig kom sy op 'n stuk land af wat behoort aan Boas, uit die geslag van Eliméleg.

Rut 2:4 En Boas het juis van Betlehem af gekom en aan die snyers gesê: Mag die HERE met julle wees! En hulle het hom geantwoord: Mag die HERE u seën!

Rut 2:5 Daarop sê Boas aan sy dienaar, die opsigter oor die snyers: Van wie is hierdie jong vrou?

Rut 2:6 En die dienaar, die opsigter oor die snyers, antwoord en sê: Dit is die jong Moabitiese vrou wat saam met Naómi uit die veld van Moab teruggekom het;

Rut 2:7 en sy het gesê: Kan ek maar are optel en insamel by die gerwe agter die snyers? Sy het toe gekom en gebly van vanmôre af tot nou toe; sy het maar min daar in die huis gesit.

Rut 3:10 En hy sê: Geseënd is jy deur die HERE, my dogter! Jy het jou laaste liefde beter gemaak as die eerste, omdat jy nie agter jongmanne, arm of ryk, aan geloop het nie.

Rut 3:11 Wees dan nou nie bang nie, my dogter; alles wat jy sê, sal ek vir jou doen, want die hele stadspoort van my volk weet dat jy 'n deugsame vrou is.

Ons het talle kere die Vrymakingskursus aangebied, en die gemiddelde bywoningsyfers wissel rondom 40. Met die aanvang van die kursus is daar gewoonlik 2 of 3 persone wat dink hul is gebonde. Maar na die 1ste naweek, dan kom almal deur bevryding.

Dit is 'n bewys van die wanindruk waaronder mense lewe en glo dat alles reg is. Ek wonder of daar 1% van die bruid van Christus is wat regtig vry is. Ek praat nie van die gelowiges nie, ek praat van die bruid. Die Vader gaan nie vir Sy Seun 'n bruid gee wat vol demone is nie.

**Ernstige Oproep**

Kom ons doen selfondersoek, spandeer bietjie tyd met die Here en werk hierdie saak met God deur. Maak seker jy is op die regte plek, in die regte gemeente, in die regte instansie, maak seker jy is in God se wil. Mag hierdie boodskap regtig die vrug oplewer waarom God dit vir my gegee het.

Die Here seën julle!

-o0o-